BYBELSTUDIE GROEI IN DIE GEES LES 18

In les 17 het ons die gawe van genesing/gesondmaking van nader bekyk. Die volgende sake is beklemtoon:

- Siekte is nie 'n straf in die lewe van God se kinders nie. God se straf is klaar op Jesus afgelaai [vgl. Joh.9:1-5].
- Volgens Jakobus gebruik God slegte dinge wat in ons lewe gebeur om ons te toets [Jak.1:12-18].
- Deur sy wonders, het Jesus die volgende aan ons openbaar:
  - Hy het gekom om alles nuut te maak.
  - Al sy wonders bevestig sy Godheid en almag en heerlikheid.
  - Hy is die Seun van God wat gekom het om te verlos.
- Om van geloofsgenesing te praat, impliseer dat ek op grond van my geloof genesing ontvang. Daarom praat ons eerder van Goddelikegenesing aangesien dit God is wat gesond maak.
- Jesus het mense met en sonder geloof genees [Mark.3:1-5; 5:34, 39-41; 6:5-6].
- Mediese behandeling is deel van God se genesing [vgl. 1Tim.5:23].
- God hoor en genees op sy tyd en volgens sy wil [Jak.5:14-18].
- Wanneer ons gesond word, moet ons leer om vir God dankie te sê omdat Hy God is [Luk.17:11-19].

MEER OOR DIE GAWE VAN GESONDMAKING.

Die groot vraag waarmee baie gelowiges worstel, is of die gawe van gesondmaking vandag nog voorkom. Om die vraag te beantwoord moet ons terugkeer na Jesus self. Wat was die kenmerke van Jesus se genesing? Aan wie dra Hy hierdie gawe oor? En die kenmerke van hulle genesingswonder?

1. LEES Matteus 8:7-8,13; Markus 5:25-34.
   Op watter wyse het Jesus mense gesond gemaak?

2. LEES Matteus 8:13; Markus 5:29; Lukas 5:13, 17:14; Johannes 5:9.
   Hoe lank het Jesus se genesing gewag vir reaksie?

3. LEES Lukas 4:39.
   Was Jesus se genesing maar gedeeltelik of volledig?

4. LEES Lukas 4:40 en 9:11.
   Het Jesus net aan sekere siektes aandag gegee of aan alle siektes?

5. LEES Lukas 7:11-16; Markus 5:22-24 en 35-43.
   Wat is in hierdie gedeelte die besondere van Jesus se gesondmaking?

6. LEES Lukas 9:1-2.
   Jesus self het die mag gehad om bose geeste uit te dryf en siekes gesond te maak [ook om dooies op te wek uit die dood]. Aan wie dra Hy hierdie mag oor?

Indien dit waar is dat Jesus die mag om duiwels uit te dryf en om gesond te maak aan die Apostels oorgedra het, moet die kenmerk van hulle genesingswonders mos dieselfde wees as die van Jesus. Kom ons toets dit aan die Woord.

7. LEES Handelinge 9:32-35 en 28:8.
   Op watter wyse het die Apostels mense gesond gemaak?

8. LEES Handelinge 3:2-8.
   Was die Apostels se genesing onmiddellik of nie?

9. LEES Handelinge 9:34.
   Was die Apostels se genesingswonders volledig of nie?

10. LEES Handelinge 5:12-16 en 28:9.
    Is net sommige persone genees of almal wat aangemeld het?

11. LEES Handelinge 9:36-42; 20:9-12.
    Het die Apostels soos Jesus dooies opgewek uit die dood of nie?

Dit is duidelik dat die Apostels se kenmerke om siekes gesond te maak dieselfde is as die van Jesus. Deur die wonders is die evangelie gevestig.

12. LEES Filippense 2:25-27; 1Timoteus 5:23 en 2Timoteus 4:20.
    Volgens hierdie Skrifgedeeltes word gelowiges siek agtergelaat deur Paulus. Waarom maak hy hulle nie gesond nie? Hy het tog die gawe van gesondmaking?

13. Vergelyk u antwoorde rondom die kenmerke van Jesus en die Apostels se genesingswonders. Voldoen vandag se genesingswonders aan hierdie kenmerke?

B. ANTWOORDE.

1. Jesus het genees deur die spreek van 'n woord of deur aanraking.
2. Jesus se genesing was onmiddellik.
3. Jesus se genesing was volledig.
4. Jesus het aan alle siektes en kwale aandag gegee.
5. Jesus het ook dooies opgewek uit die dood.
6. Jesus dra die mag om bose geeste uit te dryf en siekes gesond te maak oor aan die Apostels.
7. Ook die Apostels het gesondgemaak met die spreek van 'n woord of deur aanraking.
8. Ook hulle genesing was onmiddellik.
9. Die Apostels se genesing was volledig.
10. Al die siekes wat aangemeld het, is gesond gemaak.
11. Ook die Apostels het dooies uit die dood opgewek.
12. Die gawe van gesondmaking is nie gegee om gelowiges gesond te hou nie. Dit was slegs daar as teken vir die ongelowiges om hulle te oortuig dat die evangelie die waarheid is.
13. Eie antwoord.

****